

# TOELATINGSBELEID

## TOELATINGSVEREISTES VIR LEERDERS

Hierdie vereistes is in ooreenstemming met die volgende beleid:

Wysigings wet op Onderwys (Afdeling 5 van wet van 84 van 1996)

Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no 84 van 1996)

Toelating van leerders tot openbare skole (Alg. Kennisgewing 4138 van 2001)

- (1) Onderhewig aan die bepalinge van hierdie regulasies, is die Hoof van die Departement belas met die administrasie van die toelating van leerders tot 'n skool.
- (2) Die Beheerliggaam van die skool moet die toelatingsbeleid van 'n skool bepaal kragtens artikel 5(5) van die Suid-Afrikaanse skolewet en ooreenkomstig die riglyne soos uiteengesit in artikel 5 (1) van die Wet op Onderwysbeleid, 1998 (Wet Nr. 12 van 1998)
- (3) Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2002 (Wet 50 van 2002) wysig Artikel 5 van die SA skolewet deur subartikel (4) met die volgende te vervang:

- I. Leerders van ouers wat binne die natuurlike geografiese voedingsgebied van die skool woonagtig is, en /of werk, geniet voorkeur by toelating (Waglys A) mits die ouers die missie van die skool onderskryf.
- II. Ander leerders (Waglys B) wie eerste kom, raak eerste geholpe, mits sodanige ouers die missie van die skool onderskryf.

(a) Die toelatingsouderdom van 'n leerder tot 'n openbare skool in -

- (I) "Graad R is vier jaar indien die leerder vyf word teen 30 Junie in die jaar van toelating;
- (II) Graad 1 is vyf jaar indien die leerder ses word teen 30 Junie in die jaar van toelating."

- 'n Leerder wat sestien jaar is of ouer, en wat nog nooit skoolgegaan het nie, of nie die nodige vordering gemaak het nie, moet aangeraai word om by 'n Volwasse Basiese Onderwys en Opleidingsentrum in te skryf.
  - Onder die ouderdom in paragraaf (a) genoem is indien afdoende redes daarvoor aangevoer kan word; en
  - Voldoen aan die kriteria wat deur die Minister by regulasie voorgeskryf word vir die toelating teen 'n ouderdom wat nog laer is as bogenoemde toelatingsouderdom.
- (4) Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie bepaling nie die voorskrif ten opsigte van die **verpligte** skoolbywoning van leerders vervang nie. Artikel 3(1) van die SA Skolewet geld steeds, naamlik dat 'n ouer **verplig** is om sy kind te laat skoolgaan vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin so 'n kind sewe jaar oud word.

- (5) Leerders wat nie landsburgers van die Republiek van Suid-Afrika is nie se ouers moet in besit wees van 'n permit vir tydelike of permanente verblyf wat uitgereik is deur die Departement van Binnelandse Sake.

## **REGISTRASIE EN TOELATING VAN LEERDERS**

- (1) 'n Ouer van 'n leerder wat huidiglik by die skool ingeskryf is, moet skriftelik, voor einde-Augustus van die huidige jaar, bevestig of die ouer van plan is om die leerder by dieselfde skool te hou.
- (2) Die ouer of 'n leerder wat van plan is om die leerder vir die eerste keer, aan die begin van enige gegewe skooljaar, by die skool in te skryf moet daardie leerder registreer tussen Augustus en einde-September van die jaar wat die skooljaar voorafgaan waarin die leerder toelating soek. Laat registrasie sal onder bepaalde omstandighede toegelaat word en moet nie later as die tiende skooldag van die gegewe skooljaar sluit nie, tensy die toestemming van die Hoof van die Departement daarvoor verkry word.

## **DOKUMENTE WAT VIR TOELATING NODIG IS**

'n Ouer wat 'n leerder vir die eerste keer by die skool registreer moet die volgende dokumente aan die skool toon:

- Geboortesertifikaat of aanvaarbare bewys van geboorte (geen doopsertifikate sal aanvaar word nie.); en
- 'n gesertifiseerde afskrif van of bewys dat die kind geïmmuniseer is teen polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, kaakklem en hepatitis B; en
- die kind se oorplatingskaart indien hy of sy huidiglik by 'n ander skool geregistreer is; en
- die kind se mees onlangse skoolrapport, indien hy of sy huidiglik by 'n ander skool geregistreer is.

## **SKOOLBYWONING**

Die ouer moet toesien dat sy kind elke dag skool toe gaan. Indien die ouer hierin sou faal, mag dit daartoe lei dat die Hoof van die Departement regstappe teen die ouer kan neem.

*mj*